WÊRELD BOSSIES OOR SKONE SE BORSTELIEDJIE

Sing saam: M'n tiete zijn okee

ANGOLA BADPROP

Toe dié blonde bom besluit sy besing haar eie borste, gaan die hele wêreld sommer bossies.

Lene Alexandra, bekende FHM-model van Noorweë en bl 3- meisie vir *The Sun* in Brittanje, het laas jaar die dansvloertreffer *My Boobs are Okay* vrygestel.

Op dié liedjie spring sy en 'n paar ander rondborstige meisies rond in 'n carwash terwyl hulle soos cheerleaders skree: "*My boobs, my boobs, my boobs are okay!*"

Gedink boobliedjies is bog? Dink weer. Meer as 'n miljoen mense het al die musiekvideo op You Tube gekyk. Haar tweede musiekvideo *Hot Boy Hot Girl* doen net so goed en sy het pas haar vollengte album *Welcome to Sillycone Valley* uitgereik. Noorweë en Finland was nog nooit bekend vir hulle goeie musieksmaak nie, want *My Boobs are Okay* was skaars 'n week uit, toe swaai daai tieties al hoog op albei dié twee lande se top10. Intussen het sy ook probeer om met haar titelsnit *Sillycone Valley* aan die Noorse uitdunne van Eurovision deel te neem, maar hulle het haar sommer vroeg-vroeg huis toe gestuur selfs nadat hulle haar 'n kans gegee het om 'n tweede keer te probeer.

Tyd vir wonde lek? Nooit. Alexandra is nog altyd 'n aandagvraat wat nie sal skaam wees vir die geringste stukkie publisiteit nie.

Nie alleen het sy al lyf gewys vir 'n stapel vol Europese tydskrifvoorblaaie nie, maar sy het ook al opslae gemaak toe sy en die supermodel Aylar Lie vir die hele wêreld loop en vertel het hulle het al 'n threesome gehad met die superster Robbie Williams. Almal het geweet hulle lieg toe Robbie in 'n televisie-onderhoud sê: "Wel, ek sóú albei bygekom het as ek kon."

Intussen is daar al selfs 'n spotvideo oor Alexandra se liedjie uit. Die Hollandse komediant Ome Henk (vir die Hollanders bekend as 'n Leon Schuster-tipe grapgat) het intussen 'n rip-off video gemaak getitel *M'n tiete zijn okee*.

Dié video het taamlik onlangs die lig gesien, maar meer as 'n halfmiljoen mense het dit al op You Tube onder oë gehad.

Lene Alexandra. Dié blonde tierkat reken haar borste is "oukei". *Foto:* **GOOGLE**

MAL OOR SA SE MANS EN HOENDER

UNITY KLAZEN

DIE smeulende blondekop Caprice Bourret stel later vanjaar haar eie modereeks in Suid-Afrika bekend. Dié internasionale onderklere-model het onlangs vir haar 'n luuksehuis in Kampsbaai aangeskaf.

Sy het verlede jaar haar onderklerereeks in Suid-Afrika bekend gestel en beplan om volgende maand dieselfde te doen met haar nuwe modereeks in Engeland.

"Ek kan nie wag om dit Suid Afrika toe te bring nie. Die naam van die reeks is *Glam by Caprice* en dis die mooiste ontwerpe vir minder as die helfte van die prys waaraan mense gewoond is."

Sy sê die een nadeel van Suid-Afrika is dat sy altyd 'n vetrolletjie of twee kry. "Ek tel so vinnig gewig op hier, want ek is versot op Nando's se hoender en verlaat nie die land voordat ek nie 'n porsie gehad het nie," lag sy.

"Die mense hier is so vriendelik en die mans is absoluut hot. Daar seker iets in julle kos en water, want hulle is so goed gemanierd en handhaaf steeds goeie waardes en morele standaarde. Dis vir my vreemd, dog mooi," sê sy.

Maar slegte nuus vir Suid-Afrika se *hot* mans is dat dié blonde bom reeds iemand aan haar sy het. Sy en John Hitchcock is vir die afgelope jaar 'n paartjie. "Ons is baie lief vir mekaar."

Caprice Bourret in een van haar sexy nommertjies.